NOORDWES PROVINSIE

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2010

AFRIKAANS HUISTAAL – TWEEDE VRAESTEL MEMORANDUM

Hierdie memorandum bestaan uit 21 bladsye.

AFDELING A

POËSIE

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Sosiale kommentaar en menslike swakhede :

*Ons speel altyd rugby of sokker, want die weer is nooit te sleg nie.(niks steur die voetbalson nie)
*Dis nooit te koud om vleis te braai nie.(as hul vleisbraai sneeu dit nooit)
*A.g.v. hierdie sosiale verkeer, is daar min indien enige introspeksie.
*hoere en moordenaars haal gedurig die voorblad van die koerant, m.a.w. losbandigheid en geweld. Lae lewensstandaarde (koerantsterre soos hoere en moordenaars)
*Die koninginne wat die SA voorblaaie haal, is vals. Dis skoonheidskoninginne - oppervlakkig en vals. Niks diepgaande nie (onmonargale koninginne)
*Ons is voortdurend besig met uiterlike vertoon

Vergrype :

* die boere leef in oorvloed (te veel ryk boere)
*daar is te veel natuurparke met groot diere (te veel binneland met te veel olifant en leeu)
*Die staat is lomp (te veel ministers) en is ingestel op uiterlike vertoon. (te vele sonnante mercedese, ministers met hul adjunkte)

Die kandidaat moet sy antwoord toelig met voorbeelde uit die gedig en moet kommentaar lewer op die VERGRYPE EN SOSIALE kommentaar.

Sien gedig na aan die hand van die rubriek. **[10]**

VRAAG 2

2.1 Die spreker se emosioneel belangrike herinneringe vervaag en hy onthou wat hy eerder wou vergeet het. (1)

2.2 2.2.1 Ons dae 'n kralesnoer syfers (1)

2.2.2 Afgetelde tydperk – klinies sonder emosionele betrokkenheid. (1)

2.2.3 Ja. Hy onthou net die getal – geen persoonlike emosionele betrokkenheid nie. (2)

2.3 Die tasbare en onaantasbare/sigbare en onsigbare (2)

2.3.1 Sekere herinneringe is vir ewig in die spreker se herinneringe. (1)

2.3.2 Mens balsem gewoonlik dit wat jy wil laat bewaar bly. En nou is dit die minder aangename herinneringe wat hy so goed bewaar. (2)

[10]

VRAAG 3

3.1 Hulle kyk na 'n swaan wat op die water dryf. (1)

3.2 Reinheid en getrouheid. (2)

3.3 Die **meisie** is ingestel op die geestelike en is irrasioneel/
Die meisie is bewus van die mistieke en geheimsinnige
Die **vrou** verwonder haar nie meer nie en waardeer nie meer skoonheid nie.
Sy is nou baie prakties, altyd besig en is deel van die konvensionele. [2]

3.4 Ja. Gewoonlik is die seuns meer prakties/minder ingestel op die geestelike.
Nee. Jy kry soms seuns wat wel meer op die geestelike ingestel is. (2)

3.5 Die droombeeld word vervang deur realiteit/
Dit dui ook tydsverloop aan.
Dui op 'n skeidslyn (1)

3.6 Die dogtertjie is nog bewus van die geestelike, die geheimsinnige/die geestelike webbe van die lewe waarin jy vasgevang kan word. (1)

3.7 Die kinders gaan verander, maar die res sal bly. Ons sal dit net nie meer raaksien nie/
Die tweespalt tussen man en vrou sal voortgaan/
Ons verander, maar die wonder van die lewe bly.
Beklemtoon die dubbelkantigheid van die lewe. (1)
[10]

VRAAG 4

4.1 Dui op die onbelangrikheid van so 'n kind. (1)

4.2 Dit is 'n spesifieke straatkind waaroor die gedig handel. (1)

4.3 Alhoewel die kind onbelangrik is, word hy nou belangrik, want daar word oor hom geskryf. (2)

4.4 "selfbewuste ongeërgde"
As jy ongeërg is, is jy nie selfbewus nie, sy probeer haar so ongeërg hou terwyl sy baie bewus raak van die kind. (2)

4.5 Die kind moet elke oomblik gereed wees om hom weerbaar te maak teen moontlike verbygangers/
Die manier waarop hy sy skouers hou, lyk asof dit wapens kan wees om hom te verdedig teen die aanslae van die lewe. (1)

4.6 Ook hierdie kind is 'n maaksel van God en moet met waardigheid behandel word./Ons het 'n verantwoordelikheid teenoor ons medemens. (1)

4.7 Straatmense kan nie mediese sorg bekostig nie. Hul wonde genees dus nie gou of goed nie. Hulle is dus kwesbare mense, ook op metaforiese vlak, en dra hierdie wonde met hul saam. (1)

4.8 Die drie probleme, net soos die feit dat die kind op straat moet leef, dui daarop dat ons as mens nie die natuur se hulpbronne eties aanwend en benut nie. Soos natuur/bome/ lammers uitgelewer is soos straatkind. (1)
[10]

VRAAG 5: ONGESIENE GEDIG

OPSTELVRAAG

Die gedig is 'n Engelse Sonnet.

Uiterlike bou:

Daar is 14 versreëls. (1)
Verdeel in 3 kwatryne (1)
en 'n rymende eind-koeplet (1)
Die rymsoort is kruisrym (1)

Innerlike bou:

In die 3 kwatryne word daar bespiegel oor die mens en (1)
oor Jesus se herinneringe in die oomblikke net voor die dood. (1)
In die slotkoeplet kom die spreker tot 'n slotsom: Jesus "moes" onthou het hoe hulle op die See van Galilea "vry kon uitvaar". (1)
Die woorde verwys ook simbolies na Jesus se eie dood en verwys dan na sy hemelvaart. (1)
Toe eers kon Jesus sy vyande vergewe. (1)

Die "wegvaar" skep ook die indruk van die wegvaar van aardse probleme deur die dood self. (1)

Sien antwoorde na aan die hand van die rubriek **[10]**

VRAAG 6: ONGESIENE GEDIG

KONTEKSTUEEL

6.1	Met kiekies/foto's/herinneringe uit goeie tye	(1)
6.2	glo	(1)
6.3	strofe 2: straks strofe 3: dalk	(2)
6.4	Daarna word verduidelik watter kiekies dit is.	(1)
6.5	a b a b Kruisrym	(2)
6.6	Die bruilof by Kana/ Die rit in die skuit/ Die vroue wat Hom bedien	(1)
6.7	Sonnet	(1)
6.8	dis klaar	(1)
		[10]

AFDELING B

ROMAN

MANAKA PLEK VAN HORINGS

VRAAG 7: OPSTELVRAAG

Ouma Essie het dieselfde mate van TWYFEL IN GOD ervaar as Baas
Ouma Essie: Sy moes haar huis op Manaka verlaat.
Sy gooi haar Bybel in die rivier
Sy het egter haar Bybel "gered"

Baas: Sy ouers word vermoor en hy verloor sy plaas in Rhodesië
Hy lees nie meer sy Bybel nie.
Hy worstel met die vraag wanneer is 'n mens 'n Christen
Omdat ouma Essie sy twyfel in God verstaan, gee sy vir hom die duidelikste antwoord oor Christenskap.
Ouma Essie en Baas koester beide DROME

Ouma Essie: Sy droom oor 'n kleinkind wat die oppergesag by die khuta moet oorneem.
Sy het hierdie droom vanaf die Here gekry.

Baas: Hy droom oor 'n boot op die Zambezi

Ouma Essie en Baas het mense se LEWENS BEÏNVLOED

Ouma Essie : Red Grace van malaria – versoek Baas om vir haar malariapille te gaan gee
Probeer mnr. Kebbey wys dat sy heil nie by die toordokter lê nie.
Sy oorreed hom om Baas hospitaal toe te vat.
Voorsien kos aan die sendeling terwyl hul sendingstasie herbou.
Sy besleg die geskil tussen Nanna & Griesel
Sy deel die werk uit sodat hul die sendingstasie kan herstel.
Sy oortuig Baas dat sy samewerking met die herstel van die sendingstasie nodig is
Ouma Essie is die tolk vir die sendelinge met die Khuta.
Sy spreek die khuta aan oor die verval van die gewoontes & wys daarop dat as Baas weggejaag word die sendelinge ook gaan
Ouma Essie keer dat Kebbey Grace verkrag
Ouma Essie dink dadelik om die verbrande Manaka te herbou

Al hierdie optredes het 'n invloed op die mense rondom haar gehad

Baas: Baas gee vir Manuel se siek kind medisyne vir malaria, so ook vir Grace.
Hy onttrek sy laaste geld vir kos & malariapille wat hy dikwels uitdeel aan ander.
Mense kom Manaka toe om gedokter en gevoed te word.
Hy laat Grace vir haar klere koop.
Hy staan tog sy slaaphut af aan die sendelinge en later aan Grace.
Hy is 'n rolmodel vir Sitali.

Net soos Ouma Essie, het Baas se medemenslike optredes 'n invloed op die mense rondom hom.

Daar is dus baie duidelike ooreenkomste tussen Ouma Essie en Baas.

[25]

HIERDIE VRAAG WORD AAN DIE HAND VAN DIE RUBRIEK NAGESIEN.

DIE KANDIDATE MOET 'n GEPASTE INLEIDING EN SLOT HÊ.

VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

8.1 Dit is Baas se oupagrootjie. (1)

8.2 Hy moes kom skoenlappers versamel. (1)

8.3 Nee. Hy vestig hom in Barotseland en stig 'n skool & kerk. (1)

8.4 Dit het geen teken van lewe nie. (1)

8.5 Dooie stomp – blaarbotsels – trosse pers blomme. (2)

8.6 Die herlewing en groei in Christelike meelewing.
Die vordering van Baas se selfondersoek. (2)

8.7 Manaka, behalwe Baas se slaaphut, is geplunder. (1)

8.8 Nee. Hy as Christen behoort ander se besittings te respekteer. (1)

8.9 Hy is ontsteld oor hulle aanwesigheid en wil nie deel van die groep wees nie./Hy het onbeantwoorde vrae oor wat dit beteken om 'n Christen te wees. (1)

8.10 Ouma Essie (1)

8.11 Manaka is die plek waar die Here jare gelede sy plek gevestig het deur die koms van 'n jagter. (2)

8.12 Hy aanvaar Manaka as sy plek en aanvaar dis waar hy moet wees. (2)

8.13 8.13.1 Sendelinge droom om Manaka te herbou as sendingstasie.
Baas droom oor 'n boot op die Zambezi. (2)

8.13.2 'n Vuur vernietig die kerk by Manaka en Baas se boot is stroom-af. (1)

8.13.3 Dat hy nodig is op Manaka (1)

8.14 Noudat sy droom vernietig is, hoor hy daar is buitelandse belangstelling in 'n toerboot op die Zambezi. (2)

8.15 Hy kap Morena se horings bo die naambord vas.
Hy hervestig die bankies onder die worsboom. (2)

8.16 Sy sien Manaka as deel van haar lewe. (1)

[25]

VRAAG 9
KWART-VOOR-SEWE LELIE
OPSTELVRAAG

'n Satire is 'n teks waarin daar gespot word met aangeleenthede in die samelewing. In Kwart-voor-sewe-lelie word daar soms spottend verwys na seks, die huwelik en politieke aspekte.

Seksuele verhoudings: Iris skep aanvanklik die indruk dat sy taamlik naïef is t.o.v. seksuele verhoudings en min daarvan weet.
Verloor haar maagdelikheid baie vinnig, omdat Peter die betekenisse van haar naam ken en daar 'n ooreenkoms is tussen Peter en haar fantasiekarakter.
Sy dink rondom seksuele verhoudings romanties in haar fantasieë.
Elsa skok haar romantiese idee rondom die huweliksnag met haar nugter verwysings en haar katoenonderklere.
Sy is baie ongeërg rondom naaktheid. Sy sit kaal en swem kaal voor Peter.

Huwelik: Die huwelik word redelik hanteer en nie veel klem word daarop gelê nie.
Ma en Pa het 'n huwelik waar daar verby mekaar geleef word – sonder enige struwelinge.
Hul afsonderlike woonplekke word as 'n oplossing vir konflik voorgehou.
Iris kan nie 'n ernstige besluit oor die waarde van die huwelik neem nie.
Haar susters hanteer die huwelik net te nugter- Elsa is baie onromanties en Kara het so 'n terloopse trouery.
Daar word na die alleenheid en hartseer van geskeides verwys, maar sonder om klem daarop te lê

Politieke aspekte: In die jare wat die roman afspeel was die samelewing deurspek van rassisme. Johanna word egter van die begin as onmisbaar beskryf.
Sy organiseer omtrent die hele huis.
Daar word net terloops genoem dat sy 'n pas moes dra.
Johanna is goed ingeburger by die gesin.
Iris se pa doen moeite om haar woonplek vir haar gerieflik te maak.
Claude se koms word ook as alledaags aanvaar.
Iris se ma voel alle mense is edel van inbors en sy ignoreer die "lawwe" wette.
Dit wys op hul ontvlugting van die harde werklikheid.
In NY verwys Iris spottend na haar mense as rassiste.
Joe en die hotelklerk se reaksie is glad nie ontstellend vir Iris nie.
Iris sien in haar droomtoekoms hoe Kara terugkeer met haar "multikleurige kleinkinders.

Al hierdie aspekte word oorvereenvoudig. Hierdie ligte hantering van ernstige kwessies dui op die verteller en Iris se vermoë om die werklikheid te ontvlug.

HIERDIE VRAAG WORD AAN DIE VAN DIE RUBRIEK NAGESIEN. DIE KANDIDATE MOET 'n GEPASTE INLEIDING EN SLOT HÊ.

[25]

VRAAG 10
KWART-VOOR-SEWE-LELIE
KONTEKSTUELE VRAAG

10.1	In Londen	(1)
10.2	Joe	(1)
10.3	Hy wil haar 'n modelkontrak in NY aanbied.	(1)
10.4	Die kwart-voor-sewe-lelie blom slegs een keer. Hierdie geleentheid kan dalk Iris se een in 'n leeftyd blomgeleentheid wees.	(2)
10.5	Die kameralens kyk met 'n fyn/skerp oog. So ook Iris.	(2)
10.6	Tydens Paula se partytjie waar sy Peter ontmoet het.	(1)
10.7	Billy	(1)
10.8	Dit was in die apartheidsjare √ toe wit en swart nie vriende was nie √	(2)
10.9	Peter het Iris belet om die modelkontrak te aanvaar.	(1)
10.10	Kara Elsa	(2)
10.11	Ja. Kara en Elsa het getrou, kinders gekry en was vir n ruk net huisvroue.	(2)
10.12	Sy aanvaar nie geld van Eduard nie Sy dwing nie Peter om met haar te trou nie.	(1)
10.13	Sy het hom by haar ouma geërf.	(1)
10.14	Hy hou haar geselskap. Hy bedien haar van raad. Hy is haar beskermengel.	(2)
10.15	Sy besef dat 'n doodgewone geroetineerde voorstedelike bestaan, ook sy blom-oomblik kan hê.	(2)
10.16	Realiteit Fantasiewêreld Metafisiese	(3) **[25]**

VRAAG 11
VATMAAR
OPSTELVRAAG

Tant Wonnie is die duidelikste voorbeeld van 'n **goeie mens wat onverdiend swaarkry**.

* Sy is baie arm.
* Sy word onregverdig van diefstal aangekla.
* Sy beland onskuldig in die tronk.
* Daar is ook Kenneth wat sy geliefde aan die dood afstaan. Maar hy vind geluk met Suzaan. En hy rig 'n kliniek vir Vatmaar op.

Tant Wonnie vind egter later geluk, maar eers na die swaarkry.

* Sy kry pensioen nadat sy vrygespreek is.
* Sy staan sterker in haar geloof nadat sy met God geworstel het.
* Sy soek nie meer na God buite of in ander mense nie, maar in haar.
* Sy besef dat sy deur Sy krag sterk kan bly en kan triomfeer.

Sy beleef die ironie en teenstrydighede in die lewe

- Op pad na die tronk bid sy om uitkoms, sy het nie eers krag om verder te loop nie.
- 'n Vragmotor stop om haar op te laai – Piet de Bruin. Die man wat haar probeer verkrag het.
- Sy word dus verneder.
- Sy omskep tog die geleentheid in iets positiefs vir haar geloof.
- Ben O'Crady lieg oor sy diefstal en wen die saak.
- Hendruk praat al die tyd die waarheid en kry agt jaar tronkstraf.

Aan die een kant is daar 'n boodskap van troos. Die mens kan deur innerlike krag oor omstandighede triomfeer. En uiteindelik word hy dan vir sy goedheid beloon. Maar dit is tog so dat die mens se lewensloop nooit heeltemal verklaar kan word nie. Daar is onreg wat nooit reggestel kan word nie. Die mens se lewe is nie in sy eie hande nie.

[25]

WORD NAGESIEN AAN DIE HAND VAN DIE RUBRIEK.

DIE KANDIDATE MOET 'n GEPASTE INLEIDING EN SLOT HÊ.

VRAAG 12
VATMAAR **[25]**
KONTEKSTUELE VRAAG

12.1 Oom Chai/
Corporal Lewis/
Ta Vuurmaak (1)

12.2 Die materiaal waarmee die eerste huise opgerig is, is van die plaashuise geneem. (1)

12.3 Ta Vuurmaak gebruik nagmaal op sy manier/
Hy word deur die Christelike gemeenskap begrawe, maar volgens Griekwa tradisie. (1)

12.4 Hy raak universele wyshede kwyt/deel universele goedheid mee. (2)

12.5 Dit verruil vir 'n bottel sjerrie. (1)

12.6 Hy het per ongeluk op 'n hottentotsgot getrap. (1)

12.7 Sy pa is dood en sy ma in 'n konsentrasiekamp en sy eie mense het hom verwerp. (2)

12.8 Hulle was altwee alleen. (1)

12.9 Hy aanvaar Ma Khumalo as sy ma en haar mense as syne. (1)

12.10 Mariam (1)

12.11 Sy was swanger. (1)

12.12 Sy bekeer haar tot die Christelike geloof en laat haar baba Lukas Khumalo doop. (1)

12.13 Sy is besteel en het haar huis verloor. (2)

12.14 Settie September. (1)

12.15 Piet de Bruin (1)

12.16 Hy het haar voorheen baie leed aangedoen en nou kom hy tot haar redding/laai haar op. (2)

12.17 Settie September se broer. (1)

12.18 Hy het vir Bettie 'n grammofoon gekoop. (1)

12.19 Tydens partytjies/danse (1)

12.20 Hy vernietig die grammofoon/
Verbied Boitjie hul huis/
Laat Bettie nie onder sy oë uit nie. (1)

12.21 Hy leer die jong klomp rugby speel. (1)

DRAMA
VRAAG 13
KRISMIS VAN MAP JACOBS
OPSTELVRAAG

Hierdie hele gesin staan uitgelewer aan die gemeenskap waar hul bly. A.g.v. apartheid word hul hierheen gedwing. Hulle het geen ander keuse nie, omdat hul geskiedenis en identiteit vernietig is. Hulle wil baie graag uit die woonbuurt. Hier moet hul alles sluit, Blancie kan nie die huis verlaat sonder dat sy deur Cyril & Richie getreiter word nie, maud word van spioenasie beskuldig as sy by die venster uitkyk. Hulle voel uitgelewer en glo dat hul nie hier hoort nie.

MAUD: Sy begryp Cavernelis se strewe om uit die township te kom, maar sy het 'n behoefte aan haar man se teenwoordigheid.
Hierdie strewe neem hom juis weg van haar.
Sy is 'n vereensaamde vrou wat haar wil oortuig dat sy 'n goeie man het.
Sy wil graag beter wees as die ander inwoners. Daarom praat sy Engels,gebruik skoon taal en predik die heiliging van die Sondag.
Cyril wys haar hoe skynheilig sy is : haar man en stiefdogter werk op 'n Sondag.
Cyril-hulle lag haar egter uit en kom die slegste af in die woordewisseling.
Sy glo van die begin af dat hul drome nie gaan verwesenlik nie.
Sy glo Banchie hoort nie in die modelwêreld nie – sy is nie wit genoeg nie.
Sy voel verneder en uitgelewer aan die gemeenskap nadat die drome nie gerealiseer het nie.

BLANCHIE: Haar huislike omstandighede is nie ideaal nie: suinige, afwesige pa, 'n stiefma.
Haar pa se obsessie om sy gesin uit die township te kry, ontwortel haar.
Haar pa gebruik haar om geld te maak in skoonheidskompetisies en dan kry sy sogenaamde kontrakte vir modelwerk.
Dit haal haar die gelag van die township se mans op die hals.
Sy doen mee, omdat sy haar pa wil help om hul uit die township te kry.
Sy glo ook dat die wit mans haar uit hierdie omstandighede weg sal neem. Sy word egter net gebruik.
Al haar opofferings was uiteindelik verniet.

CAVERNELIS: Hy het 'n obsessie om sy gesin uit die township te kry.
Dit verwyder hom van Maud: sy soek meer aandag & hy verstaan nie dat sy nie kan sien dat hy nie die tyd het nie a.g.v. die najaag van sy droom.
Hy werk saans ook om die droom te kan verwesenlik
Hy meng nie met die gemeenskap nie- word dus getreiter deur hulle
Sy vriendskappe met wittes is 'n kunsmatige manier om te probeer ontvlug.
Sy eie gemeenskap stoot hom ook uit oor dat hy Blanchie gebruik om geld te maak.
Wanneer Cavernelis deur Blanchie verwyt word dat hy haar misbruik het & sy nie die kontrak kry nie, is hy so platgeslaan dat hy selfmoord pleeg.
Hy betaal 'n baie hoë prys vir die kans op ontvlugting.

HIERDIE VRAAG WORD MET DIE RUBRIEK NAGESIEN
DIE KANDIDATE MOET 'n GEPASTE INLEIDING EN SLOT HÊ **[25]**

VRAAG 14
KRISMIS VAN MAP JACOBS
KONTEKSTUELE VRAAG

14.1 Hulle is almal vasgevang op die Kaapse Vlakte/
Hulle is almal vasgevang in 'n uitsiglose bestaan. (2)

14.2 Hy verkoop juweliersware. (1)

14.3 Hy wou voel hy behoort êrens./
Na sy identiteit gesoek (1)

14.4 Mense wat vasgevang is in 'n uitsiglose bestaan/
Gedwonge rasseverskuiwings het verreikende gevolge op die bruin gemeenskap (2)

14.5 Nee. Hy het homself aan die polisie gaan oorgee. (2)

14.6 14.6.1 Ivan Philander se moord. (1)

14.6.2 Hy kon nie werk kry nie. (1)

14.6.3 Sy suster is verkrag.
Sy ma is stom (2)

14.7 14.7.1 Star of redemption (1)

14.7.2 Op die verlossing van sonde/
Map se bekering (1)

14.7.3 Dit is die leier-instrument & Map was 'n leier. (1)

14.8	14.8.1	Was slim/talentvol/skrander/goeie	(1)
	14.8.2	Hy wou gaan leer het, maar daar was nie geld nie.	(1)
14.9		Nee. Cavernelis het haar laat gebruik.	(1)
14.10		Cavernelis laat Blanchie deel hê aan prostitusie om geld te in om sy droom vir hul gesin te laat verwesenlik.	(2)
14.11		Blanchie het nie die modelkontrak gekry nie.	(1)
14.12		Nee, Hulle dink hy gaan woedend wees oor Blanchie.	(1)
14.13		Hy het Blanchie en Cavernelis vergewe/niks aan hul gedoen nie.	(1)
14.14		Map se vrylating/parool is 'n geskenk soos met Kersfees/ Hy word in die omgewing van Kersfees vrygelaat./ Sy vergifnis t.o.v. Blanchie & sy ma wat hom vergewe laat ons aan Christus se vergifnis dink.	(2)
			[25]

VRAAG 15
MIS
OPSTELVRAAG

Miem en Gertie is erg konserwatief – seksueel en geestelik.

Miem: Gee voor om iets te wees wat sy nie is nie.
Probeer Meisie aan die konstabel afsmeer.
Wys hom daarop dat haar heupe breed is – sal dus kinders kan baar
As sy so eng was, sou sy nie haar dogter so opveil nie.
Sy praat ook met 'n man oor 'n borstrok – heeltemal onvanpas.
Sy wil niks weet van die sirkus nie, maar vra gretig hieroor uit.
Sê sy vra hieroor uit, sodat Meisie kan ophou kla oor haar voorkoms en dat sy dankbaarheid kan leer.
Sy gebruik Meisie om te hore te kom wat sy eintlik wil hoor.
Miem wat so kuis is, sit met seksuele frustrasies.
Sy erken dit openlik aan die konstabel wat wildvreemd is.

Gertie: Sy is 'n onderdrukte en seksueel gefrustreerde vrou.
Sy gebruik haar beheptheid met LO en fisieke gesondheid en vars lug as 'n skans.
Sy is dus nie eerlik nie.
Haar seksueel gemotiveerde fantasiespel as Hannie, toon 'n totale ander persoon as wat ons leer ken.
Sy gee voor om die sirkus te haat.
Tog gaan sy na die sirkus kyk.
Sy probeer die konstabel openlik vang. Sy probeer sy aandag bekom deur allerhande gunsies.
Sy probeer haar bes om seksueel begeerlik voor te kom.

HIERDIE VRAAG WORD AAN DIE VAN DIE RUBRIEK NAGESIEN.

DIE KANDIDATE MOET 'n GEPASTE INLEIDING EN SLOT HÊ.

[25]

VRAAG 16
MIS
KONTEKSTUELE VRAAG

16.1	Hul verkoop mis aan die boere.	(1)
16.2	Die hele agterplaas lê vol mis en dit stink.	(1)
16.3	Sy plant rose voor haar kamervenster.	(1)
16.4	Miem sê dis vroeg lente en almal wil hul grond bewerk/ Miem sê die mis hou hulle aan die lewe/ Meisie groei as blom tot bevryding uit hierdie mis (swak omstandighede)	(2)
16.5	Haar Ma het kwansuis siek geword.	(1)
16.6	Die binne- en buiteruimte	(2)
16.7	Deur byklanke/ Deur dialoog	(1)
16.8	Dit is die vooraand van lente. Lente impliseer nuwe lewe/begin/groei	(2)
16.9	Dit is die kwade uur van die nag en dit is die tyd van die towerwêreld/sprokies	(2)
16.10	Sy sal kwansuis weer siek word as Meisie sirkus toe gaan/ Sy sal nooit weer dieselfde wees nadat Meisie so ongehoorsaam was die vorige keer nie.	(2)
16.11	Sy vertel dat die ander twee meisies wat weg is, se pa dominerend was en die ander se ma vol ipekonders was . Sy is ook skuldig aan albei.	(2)
16.12	Sy onderdruk Meisie wat daartoe ly dat sy wegloop/ Sy vertrou konstabel en is te blind om sy ware kleure te sien.	(1)
16.13	Hy vertel haar van tant Hannie en ly haar verbaal in haar fantasiespel as Hannie.	(2)
16.14	Hy onderskei elkeen van hul op grond van reuk.	(1)
16.15	Die bose.	(1)
16.16	Dit skep die illusie van twee in een.	(1)
16.17	Die konstabel se reuk sintuig is goed ontwikkel, maar Miem-hulle is die mense wat snuf in die neus moes gekry het rondom die konstabel.	(2)
		[25]
	TOTAAL:	**80**

RUBRIEK VIR DIE ASSESSERING VAN DIE POËSIE OPSTEL **HUISTAAL** **10 PUNTE**	**TAAL** Struktuur, logiese, vloei en aanbieding. Taal toon en styl wat in opstel gebruik word.	- Baie goeie koherente struktuur. - Uitstekende inleiding en samevatting. - Argumente goed gestruktureerd en ontwikkeling is duidelik. - Taal, toon en styl volwasse, treffend en korrek.	- Opstel goed gestruktureer. - Goeie inleiding en samevatting. - Maklik om argumente en gedagtegang te volg. - Taal, toon en styl korrek en toepaslik vir doel. - Goeie aanbieding	- Duidelike struktuur & logiese vloei van argumente. - Inleiding, samevatting en ander paragrawe koherent georganiseer. - Kan vloei van argumente volg. - Taal, toon en styl grootliks korrek.	- Sommige bewyse van struktuur. - Opstel toon gebrek aan struktuur, logika en koherensie. - Minimale taalfoute, toon en styl meestal van toepassing. Paragrafering meestal korrek.	- Bewyse dat struktuur swak beplan is. - Argumente nie logies gerangskik nie. - Taalfoute is sigbaar. -Toon en styl nie toepaslik vir die doel van teks nie. - Paragrafering gebrekkig.	- Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed vloei van argumente. - Taalfoute en verkeerde styl veroorsaak onsuksesvolle skryfstuk. -Toon en styl nie toepaslik vir doel van teks. -Paragrafering verkeerd.	- Moeilik om te bepaal of onderwerp aangespreek is. - Geen bewyse van beplanning of logiese uiteen-setting nie. - Taal is swak. -Verkeerde taal en styl. - Paragrafering nie korrek, koherensie ontbreek.
INHOUD Interpretasie van onderwerp. Diepte van argumente, verantwoording en beheersing van gedig.		**7** **80 – 100%**	**6** **70 – 79%**	**5** **60 – 69%**	**4** **50 – 59%**	**3** **40 – 49%**	**2** **30 – 39%**	**1** **0 – 29%**
- In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte ten volle verken. - Uitstaande respons: 90%+. Uitstekende respons: 80 – 89% - Reeks treffende en uitgebreide argumente wat uit gedig ondersteun word. - Genre en gedig word uitstekend verstaan.	**7** **80 – 100%**	**8 – 10**	**7 – 7½**	**7 – 8**				
- Bo gemiddelde interpretasie van onderwerp, alle aspekte bevredigend verken. - Uitgebreide respons. - Reeks sterk argumente wat uit gedig ondersteun word. - Genre en gedig word baie goed verstaan	**6** **70 – 79%**	**7½ – 8½**	**7 – 8**	**6½ – 7½**	**6 – 7**			

- Verstaan gedig en interpretasie van onderwerp goed. - Redelike uitgebreide respons. - Sterk argumente word gegee, maar dit is nie altyd goed gemotiveer nie. - Genre en gedig word verstaan.	5 60 – 69%	7 – 8	6½ – 7½	6 – 7	5½ – 6½	5 – 6		
- Redelike interpretasie van onderwerp, nie alle aspekte in gedig verken nie. - Etlike goeie argumente ter ondersteuning van onderwerp. - Meeste argumente ondersteun onderwerp, maar bewyse is nie oortuigend. - Genre en gedig word basies verstaan.	4 50 – 59%		6 – 7	5½ – 6½	5 – 6	4½ – 5½	4 – 5	
- Baie alledaagse, middelmatige poging om vraag te beantwoord. - Baie min diepte in die begrip van en tydens die respons op onderwerp. - Argumente nie oortuigend en baie min bewyse uit gedig. - Leerder het nie volle begrip van genre en gedig nie.	3 40 – 49%			5 – 6	4½ – 5½	4 – 5	3½ – 4½	3 – 4

- Swak begrip van onderwerp. - Respons word herhaal en dit is soms nie ter sake nie. - Geen diepte in argumentering nie, interpretasie verkeerd, ondersteunende argumente nie verantwoordbaar uit gedig nie. - Baie swak begrip van genre en gedig.	2 30 – 39%				4 – 5	3½ – 4½	3 – 4	1 – 3½
- Respons soms in verhouding met onderwerp, moeilik om argumente te volg of dit is nie van toepassing nie. - Swak poging om vraag te beantwoord. Paar relevante argumente wat gegee is, is nie verantwoordbaar uit gedig nie. - Baie swak begrip van genre en gedig.	1 0 – 29%					3 – 4	1 – 3½	0 – 3

RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA
Let op die verskil in die puntetoekenning vir inhoud versus struktuur en taal

KODES EN PUNTETOEKENNING		INHOUD [15] **Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente, verantwoording en begrip van die voorgeskrewe werk.**		STRUKTUUR EN TAAL [10] **Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.**
Kode 7 **A** **80 – 100%**	Uitmuntend **12 tot 15 punte**	In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle nagevors. Uitstekende reaksie. (90+, uitmuntende reaksie) Reeks pakkende argumente, uitgebreid; ondersteun uit die teks. Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks.	Uitmuntend **08 – 10 punte**	Samehangende en gestruktureerde opstel. Uitstekende inleiding en afsluiting. Argumente is goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is gevorderd, treffend en korrek.
Kode 6 **B** **70 – 79%**	Verdienstelik **11 punte**	Bo-gemiddelde interpretasie van onderwerp. Alle aspekte van die onderwerp is geskik nagevors. Gedetailleerde reaksie. Reeks grondige argumente is gegee, goed ondersteun uit teks. Baie goeie begrip van genre en teks.	Verdienstelik **07 punte**	Opstel is goed gestruktureerd Goeie inleiding en afsluiting. Argumente en gedagtelyn is maklik om te volg. Taal, toon en styl is korrek en gepas vir die doel. Goeie aanbieding.
Kode 5 **C** **60 – 69%**	Beduidend **09 of 10 punte**	Toon begrip en het onderwerp goed geïnterpreteer. Taamlik gedetailleerde reaksie op die onderwerp. Sommige grondige argumente is gegee, maar nie almal is baie goed gemotiveer nie. Begrip van genre en teks duidelik.	Beduidend **06 punte**	Duidelike struktuur en logiese vloei van argumente. Inleiding, afsluiting en ander paragrawe is samehangend georganiseer. (koherensie) Vloei van argumente kan gevolg word. Taal, toon en styl is grootliks korrek.
Kode 4 **D** **50 – 59%**	Voldoende **08 punte**	Taamlike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte is in detail nagevors nie. Sommige goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp. Meeste argumente is ondersteunend, maar bewyse is nie altyd oortuigend nie. Basiese begrip van genre en teks.	Voldoende **05 punte**	Geringe bewyse van struktuur. Goed gestruktureerde en logiese vloei en samehang ontbreek. Min taalfoute; toon en styl is meestal gepas. Paragrawe is meestal korrek.
Kode 3 **E** **40 – 49%**	Matige **06 of 07 punte**	Baie gewone en gemiddelde poging om die vraag te beantwoord. Baie min diepte en begrip in reaksie op die onderwerp. Argumente nie oortuigend nie en baie min verantwoording uit die teks. Leerder het nie houvas en volle begrip van genre en teks nie.	Matige **04 punte**	Beplanning van die struktuur is gebrekkig. Argumente nie logies gerangskik nie. Paragrawe is foutief. Opvallende taalfoute. Toon en styl nie gepas vir die doel nie.
Kode 2 **F** **30 – 39%**	Basiese **05 punte**	Houvas op die onderwerp is swak. Reageer herhalend en soms van die punt af. Geen diepte in argumentering; verkeerde interpretasie/Argumente word nie verantwoord uit die teks nie. Baie swak houvas op genre en teks.	Basiese **03 punte**	Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed die vloei van die argumente. Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol.
Kode 1 **F tot H** **0 – 29%**	Ontoereikend **0 tot 5 punte**	Reaksie soms in verhouding met die onderwerp, maar dis moeilik om ontoepaslike argumente te volg. Swak poging om vraag te beantwoord. Min toepaslike punte met geen verantwoording uit die teks. Baie swak houvas op genre en teks.	Ontoereikend **00 – 02 punte**	Moeilik om te bepaal of die onderwerp aangespreek word. Geen bewyse van logiese beplanning nie. Geen paragrawe en koherensie nie. Swak taalgebruik. Verkeerde styl en toon.